



DOCUMENT: SAMPS9703AFR

DIE SUID AFRIKAANSE MEDIËSE FISIKA VERENIGING

Die Suid Afrikaanse Vereniging van Fisici in Geneeskunde en Biologie (SAVFGB) is in 1960 gestig. Gedurende 1987 het dit verpligtigend geword vir alle hospitaal fisici om by die destydse Suid Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad (SAGTR) te registreer saam met alle ander gesondheidsorgprofessies. Daarmee saam is die omskrywing en verantwoordelikhede van Mediese Fisici gedefinieër. Dit het aanleiding gegee tot die standaardisering van die opleiding en bevoegdheids van Mediese Fisici en hulle is nou werksaam onder dieselfde etiese kode wat vir alle ander gesondheidswerkers in Suid Afrika geld.

Aangesien die SAVFGB alle professionele persone met 'n belangstelling in Fisika in die Mediese en Biologiese velde onder sy lede tel, het die Groep van Mediese Fisici binne die SAVFGB gedurende 1993 hul naam verander na die Suid Afrikaanse Mediese Fisika Vereniging. Een van die voorwaardes om volle lidmaatskap by die SAMFV te verwerf is dan ook registrasie as Mediese Fisikus (Ioniserende Straling) by die SAGTR. Die SAMFV bestaan tans uit:

- 'n Uitvoerende Komitee,
- 'n Professionele Komitee,
- 'n Reklame Komitee en
- 'n IOMP lid.

Huidiglik word Mediese Fisici verteenwoordig deur twee verkose lede van die Beroepsraad van Mediese Wetenskaplikes binne die SAGTR. Die SAGTR is in 'n proses van transformasie en sal binne die afsienbare toekoms bekend staan as die Beroepsraad vir Gesondheidsberoepes van Suid Afrika. In die nuwe bedeling sal Mediese Fisici en Mediese Wetenskaplikes geïnkorporeer word by die Mediese en Tandheelkundige Beroepsraad. Mediese Fisici en Mediese Wetenskaplikes sal dan gesamentlik verteenwoordig word deur een verkose lid van hierdie Beroepsraad. Mediese Fisici sal verder verteenwoordig word deur een verkose lid van die Bestuurskomitee van Mediese Wetenskaplikes.

Die opleiding van Mediese Fisici kan slegs geskied by instansies wat daarvoor erken word deur die SAGTR. Die opleiding bestaan uit 'n teoretiese komponent sowel as praktiese opleiding. Beide komponente bevat die volgende dissiplines :

- Mediese Fisika van Radioterapie
- Mediese Fisika van Kerngeneeskunde
- Mediese Fisika van Radiologie en
- Stralingsbeskerming

Die opleiding van Mediese Fisici geskied oor 'n minimum periode van drie jaar na 'n drie-jarige graad met Fisika as een hoofvak verwerf is.

Huidiglik word ses Universiteite erken om die akademiese komponent van die opleiding te hanteer, terwyl sewe akademiese staatshospitale toegelaat word om die praktiese komponent van Mediese Fisici se opleiding aan te bied. Die universiteite het 'n mate van outonomie in soverre dit die opstel van die Mediese Fisika modules en metode van eksaminering aangaan, maar die minimum vereistes word neergelê deur die Beroepsraad van die SAGTR. Die staatshospitale wat geakkrediteer is om die praktiese opleiding aan te bied moet voldoende toegerus wees vir die taak.

Die SAMFV is die enigste liggaam in Suid Afrika wat die relatiewe klein gemeenskap van ongeveer 65 praktiserende Mediese Fisici amptelik verteenwoordig. Die meeste Mediese Fisici is tans in diens van Universiteite, Teknikons en Staatshospitale alhoewel 'n paar in privaatpraktyk werksaam is. Tabel 1 gee 'n opsomming van die verspreiding van Mediese Fisici in Suid Afrika.

Tabel 1 : Verspreiding van Mediese Fisici oor die 9 provinsies van SA

Provinsie	Instituut (Universiteit/Akademiese Hospitaal/Streeks Hospitaal	Aantal Mediese Fisici
Gauteng	Mediese Universiteit van Suider Afrika (MEDUNSA) en Ga-Rankuwa Hospitaal	11
	Universiteit van Pretoria en die Pretoria Akademiese Hospitaal	4
	Universiteit van die Witwatersrand (WITS) en die Hillbrow/Johannesburg Hospitaal	4
KwaZulu-Natal	Addington Hospitaal	7
Mpumalanga	Geen	0
Noord-Kaap	Geen	0
Noordelike Provinsie	Geen	0
Noord-Wes	Geen	0
Oos-Kaap	Port Elizabeth Provinsiale Hospitaal	1
	Port Elizabeth Teknikon	1
	Frere Hospitaal (Oos-Londen)	1

Vrystaat	Universiteit van die Vrystaat en Universitas Akademiese Hospitaal	16
	Vrystaatse Technikon	1
Wes-Kaap	Universiteit van Kaapstad en Groote Schuur Hospitaal	8
	Universiteit van Stellenbosch en Tygerberg Hospitaal	3

Die Suid Afrikaanse Mediese Fisika Vereniging is 'n tweetalige organisasie wat alle amptelike dokumentasie afwisselend in Afrikaans en Engels versprei. Vakkundige voordragte by die jaarlikse SAVFGB kongres word grotendeels in Engels aangebied alhoewel daar elke jaar 'n aantal Afrikaanse voordragte gelewer word. Afrikaans word egter by meer as die helfte van die Mediese Fisika departemente as voertaal gebruik.

Die Reklame Komitee poog om die professie onder die algemene publiek te bevorder deur kontak te hou met skoliere en voorgraadse studente. Alhoewel daar tans geen vakkundige tydskrif deur die vereniging gepubliseer word nie, word nuus van nasionale belang met behulp van nuusbriewe onder lede versprei. Die IOMP lid word verkies om Suid Afrikaanse Mediese Fisici by die IOMP Raadsvergaderings (wat elke drie jaar gehou word) te verteenwoordig en om terugvoer te gee oor internasionale gebeurlikhede, standpunte en interessante ontwikkelinge. Een van die SAMFV se doelstellings is om die Mediese Fisika professie in Afrika lande te bevorder deur onderlinge samewerking en verskaffing van kundige advies aan belanghebbendes in ander ontwikkelende lande. Sommige Suid Afrikaanse Mediese Fisika departemente is dan ook reeds by sulke ondernemings betrokke.

Veranderinge wat plaasvind in Suid Afrika bring nuwe uitdagings vir alle professies mee. Gesondheids en Opvoedkundige beleidstellings word drasties hersien en dit beïnvloed die diensvoorwaardes en verantwoordelikhede van Mediese Fisici. Die SAMFV staan instrumenteel in die proses om die belange van hierdie gemeenskap te beskerm, sodanig dat die standaard van opleiding en navorsing asook die belangrike bydrae wat die Mediese Fisikus in die mediese toepassing van ioniserende strale lewer, nie ingeboet word nie.